Lidwala

THE SPECIALIST ENGINEERS

Beste leser en alle geinteresseerde persoon

**UITNODIGING OM DEEL TE NEEM AAN DIE BASIESE OMGEWINGSEVALUERINGSPROSES WAT NODIG IS VIR DIE VOORGESTELDE GROOTVLEI KRAGSTASIE SE NUWE INSTALASIE VAN MATERIAAL SAK FILTERS OM DIE LUGBESOEDELING DRASTIES TE VERMINDER.**

Lidwala Consulting Engineers (SA) (Pty) Ltd (Lidwala SA) is deur Eskom Holdings (SOC) Limited (Eskom) aangestel om 'n basiese omgewingsevaluerings proses te doen soos vereis deur wetgewing. (Nasionale Omgewings Bestuurs Wet, no 107 van 1998) Die voorgestelde projek is reeds as sodanig by die Departement van Omgewingsake geregistreer en die verwysingsnommer is: DEA 14/12/16/3/3/1/600.

Die projek behels kortliks die installering van nuwe tegnologie materiaal sak filters in die plek van die ou sogenaamde elektrostatiese presipiteerders vir eenhede 2,3 en 4 by die Grootvlei Kragsentrale in die Mpumalanga provinsie naby Heidelberg. Die nuwe tegnologie sal daarvoor sorg dat aan die strenger lugbesoedelingswetgewing en standaarde voldoen kan word. Die nuwe lisensie voorwaardes noodsaak dus hierdie verandering. Eenhede 5 en 6 is reeds vervang met uitstekende resultate. Meegaande vind u 'n agtergrond inligtings dokument wat meer inligting hieroor bevat.

Eskom moet, alvorens die projek geimplimenteer word, 'n basiese omgewingsevaluerings (BE) proses uitvoer in terme van die genoemde wetgewing. Ander toepaslike wetgewing moet ook aan voldoen word soos lug kwaliteit wetgewing vervat in die Nasionale Omgewings Bestuurswet, Wet 39 van 2004. Daar word verwag dat die BE proses voltooi sal word teen einde November van hierdie jaar en die publieke deelname proses sal ook deur lidwala EPS uitgevoer word.

Die projekspan nooi u dus uit, as belangstellende en geinteresseerde persone, om deel te neem aan die publike deelname proses vir hierdie voorgestelde projek. Die doel van die deelname proses is om alle moontlike omgewings invloede te identifiseer wat verband hou met hierdie projek. Dit is noodsaaklik om hierdie invloede in ag te neem tydens die projek implimenteringsproses met die opstel van maatreels ter voorkoming van moontlike negatiewe aspekte. Dit maak dit ook vir die Departement van omgewingsake makliker om 'n ingeligte besluit te neem alvorens goedkeuring aan die projek verleen word.

**U INSETTE EN KOMMENTARE IS BELANGRIK**

U word uitgenooi om amptelik te registreer as belangstellende of geinteresseerde persoon en om deel te neem aan die omgewingsevalueringsproses deur meegaande registrasie en kommentaar vorm te voltooi. Vir u gerief is dit ingesluit saam met die agtergrondinligtingsdokument (AID). U is welkom om reeds kommentaar te lewer op die inligting vervat in die AID en wel op van die volgende maniere:

- Handig u voltooide registrasie vorm by lidwala in;
- Skryf aan ons 'n brief wat u idees ten opsigte van die projek deurgee; of
- Deur aan ons te e-mail, faks of te telefoneer;


**LIDWALA CONSULTING ENGINEERS (SA) (PTY) LTD**
**2002/019053/07**

Tel: 0861 LIDWALA/ 0861 543 9252
Intl: +27 11 793 5486
Fax: 0865 005 574
11 Kerk Avenue, Ruiterhof, Randburg, 2194
PO Box 4221, Northcliff, 2115
Email: info@lidwala.com
Web: www.lidwala.com
Divisions: Civil & Structural - Electrical - Environmental - GIS - Laboratory
Branches: **Randburg** | Nelspruit | Polokwane | Bloemfontein | Kimberley | Rustenburg | Gaborone

Directors:
W. Tendaupenyu PrEng BSc(Eng)(Hons) MPhil(Eng) | Managing Director
J.S. Coetsee PrEng BEng(Hons)(Civil)
A.M.A. Raspi PrTech(Eng) MDip Tech
M. Prinsloo PrTech(Eng) PrCM NDip(Analytical Chemistry) MBA
M.K.T. Chauke PrEng BscEng (Electrical)


CESA

Toon asseblief op die registrasie vorm aan op welke wyse u verkies om aan die proses deel te neem. Daar sal verskeie geleenthede wees waar u sal kan deelneem tydens die BE proses maar binne sekere tydsraamwerke. U sal egter ook oor hierdie tydsraamwerke ingelig word met die verloop van die proses.

Ons wil u by voorbaat bedank dat u deel wil word van die BE proses en ons sien daarna uit om u kommentare en idees te ontvang ten opsigte van die voorgestelde projek.

Met vriendelike groete

Bongi Mhlanga
Publieke Deelname Organiseerder

**Vind hierby:** Agtergrond Inligtingsdokument (AID)
Registrasie en kommentaar vorm